

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Die laaste paar weke het ek heel-wat geskryf oor aftrede en ook op die baie voordele van uit-treenuiteite gefokus. Maar is dit altyd die beste? Kom ons kyk.

Die belastingkwelling

Ek het die afgelope week twee gesprekke gehad waarin ons oor uit-treenuiteite (UA's) gesels het. Die een was met 'n klient oor sy aftreebeplanning. Die tweede was met 'n boer by wie ek verlede na-week gejag het. Dieselfde onderwerp, twee probleme.

My kliënt betaal hom oor 'n mik aan inkomstebelasting. Ek verduidelik gereeld vir mense dat as jy baie inkomstebelasting betaal, beteken dit jy verdien baie geld, so moenie te veel kla nie. Maar dit is skrale troos vir die een wat die betaalwerk doen.

Deur bykomend by te dra tot 'n UA kan jy jou inkomstebelasting verlig, want die bydraes is aftrekbaar vir inkomstebelasting. Jy kan jaarliks tot 27,5% van belasbare inkomste of R350 000, welke een die laagste is, aftrek. Vanuit 'n raadgewende oogpunt kom jy nou voor twee probleme te staan.

Die eerste is dat die perk op die toegelate belastingaftrekking daarop neerkom dat as jou belasbare inkomste meer is as R1 272 272 per jaar, daar geen meer UA-aftrekking vir jou is nie. Nie dat dit jou hoef te keer nie, want dit wat jy meer bydra, kan jy in daaropvolgende jare aftrek. En dit wat jy by aftrede nie kon aftrek nie, kan jy as 'n belastingvrye pensioen ontvang.

Maar, soos ek al telkemale in my rubrieke hier geskryf het, jy moet oppas dat die belastingstert nie die beleggingshond begin swaai nie. Spaar vir aftrede is een manier om vir jouself rykdom te skep. Om dit op 'n belastingvriendelike manier te doen, soos met 'n UA, maak baie sin. Maar dit is net een manier.

Ander beleggings maak ook sin

Wat my bring by die tweede probleem. Met 'n UA is jou geld vas tot minstens ouderdom 55 jaar. Ja, dit beskerm jou teen skuldeisers en ja, jy kry belastingvrye groei op jou geld, maar jy het nie toe-



Uittree-annuïteit is nie altyd beste

Onthou: Met 'n UA is jou geld vas tot minstens ouderdom 55 jaar

gang daartoe tot ouderdom 55 nie.

En dan ook net tot een derde daarvan, die res moet jy gebruik om vir jou 'n pensioen mee aan te koop. Die een derde is belasbaar. Die eerste R500 000 teen 'n nul-koers en daarna teen onderskeidelik 18%, 27% en 36%, afhangend van hoe groot die bedrag is. Jou pensioen is belasbaar as inkomste.

Dit maak dus sin om 'n balans te probeer tref tussen dit wat jy spaar in 'n UA (met al sy belastingvoordele) en dit wat jy spaar in 'n diskresionêre belegging.

Eerstens omdat 'n mens nie al jou spaargeld wil gaan "vasmaak" in 'n produk waartoe jy nie toegang het vir baie jare nie. Jy wil darem so tussendeur van jou rykdom geniet ook, of hoe?

En tweedens omdat jy jou diskresionêre beleggings so aggressief kan belê as wat jy wil (solank as wat jy die risiko verstaan). Jy kan weliswaar nie die spaargeld aftrek vir inkomstebelasting nie, maar jy het darem elke jaar die rentevrystelling op inkomste en die kapitaalwinstbelastingvrystelling op kapitaalwinste in jou belegging.

Die geld wat jy egter uit jou belegging neem, is nie belasbaar nie. Dis jou geld. En as jy sien jy betaal te veel belasting op jou spaargeld, kan jy altyd 'n polisopsie oorweeg. Binne die polishouersfonds betaal jy net 30% inkomstebelasting op inkomste en net 12% aan KWB.

Asseblief, jy betaal nie geen belasting in 'n polis, soos ek hoor baie makelaars vir hul kliënte lieg nie. Jy betaal, soos ek hier sê.

Die ouderdomskontrak

Wat my op dié punt bring by die boer. Hy en sy seun het elk vir die seun 'n UA by 'n versekeraar uitgeneem. Die seun betaal die premies op die een en die pa die premies op die ander. Die een UA se kontrak is tot ouderdom 60 jaar van die seun en die ander tot ouderdom 65 jaar.

Die rooi ligte vir bedenkbare finansiële raad fliets vir my. Hoekom?

Ek het hierbo genoem dat jy kan uit-tree uit jou UA op ouderdom 55. Hoekom dan 'n kontrak sluit tot ouderdom 60 en 65 onderskeidelik? Hierdie UA's is in polisse as onderliggende bate.

Die makelaar kry vooruit kommissie wat bereken word oor die termyn wat die UA loop. Hoe langer, hoe meer geld in sy sak. Dit staan as skuld teen jou UA-belegging. En daar is ook nog hoë administrasiekoste van die versekeraar wat ook vooruit bereken word.

Jy betaal vir jare lank af aan die makelaar se kommissie. Onnodig. Dis wat my aanbetref 'n onding. As jy 'n UA het wat in 'n polis is, oorweeg gerus om dit oor te plaas na 'n batebestuurder waar dit nie in 'n polis is nie.

Wat dan nou van die polis-opsie wat ek hierbo noem vir jou diskresionêre belegging as jou belastingkoers te hoog is? Bly weg van die lang-kontrak-polisse. Dis dieselfde gejag na kommissie as met die UA-polis wat ek hierbo noem.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.